

Slaap rustig

Hoewel beligting 'n rustige en ontspanne atmosfeer in 'n slaapkamer moet skep, is helder lig vir take soos lees ook nodig. Vermyn 'n te klein bedlig – die lamp moet hoog genoeg wees sodat jy onder die lig lê en lees terwyl die bladsye helder verlig is. 'n Lampskerms is ook die ideale manier om kleur aan 'n neutrale en aardse kleurskema te gee. Die twee lampskerms weerskante van die bed moet ook nie eenders te lyk nie, solank dit dieselfde visuele krag het – met ander woorde ewe groot is.

Hier word die reël van $\frac{1}{3}$ teenoor $\frac{2}{3}$ omgedraai – die skerm pleks van die basis is nou $\frac{2}{3}$. Die skerm en basis vorm ook 'n geheel en dit sal moeilik wees om een van die twee te vervang. Die motief op die lampskerms is op die strooikussing herhaal om harmonie te skep.

Lampskerms-en-basis (R680) en strooikussing (R260) van Hemporium. Kwilt (R745) van Biggie Best.

Versorg lampskerms so

Lampskerms moet gereeld skoongemaak word. Lees altyd die versorgingsetiket noukeurig, aangesien die skoonmaakmetode van materiaal tot materiaal verskil. Die geheim is om altyd sagkens te werk. Marvellous Maids gee die volgende wenke:

- Stofsuig die lampskerms versigtig met die bekleedselhegstuk om stof te verwyder. As die stofsuier te sterk is, kan jy 'n sykus oor die bek trek om die suigkrag te verminder.
- Verwyder troeteldierhare deur kleefband om jou hand te draai met die taai kant na buite: klad saggies op die skerm.
- Gebruik 'n effens klam getekstureerde lap (die vesels help om die vuiligheid uit te lig) en vee die skerm met afwaartse bewegings aan albei kante.
- Onthou om ook die basis en die gloeilamp skoon te maak. Vee dit eers met 'n klam lap skoon en daarna met 'n droë lap.
- As die skerm baie vuil is, sal jy dit moet afhaal om skoon te kry. Prop eers die lamp uit en verwyder die skerm versigtig (jy moet dalk eers die gloeilamp uitdraai). Maak 'n lap in 'n bak met seperige water nat, druk die oortollige water uit en vee dan die skerm sagkens met afwaartse bewegings. Herhaal met 'n lap wat in skoon water gedruk is totdat al die skoonmaakmiddel verwyder is. Moenie die skerm te nat maak nie en moet dit nie onder water druk nie, want dit kan uitmekaar val as die bekleedsel aan die raam gegom of gebind is. Gebruik laastens 'n droë lap sodat dit vinniger kan droog word. Moet nooit die skerm in die son laat droog word nie, want dit kan verbleik. Plaas dit eerder in 'n droë plek en bo-op 'n handdoek wat die vog kan absorbeer. 🏠

Het jy geweet?

Lampskerms dateer uit die Middeleeue, toe dit deel uitgemaak het van lanterns wat in die middel van strate gebruik is. Die eerste openbare olielampe is in 1784 in Milaan gesien. 'n Semi-sferiese reflektor bo die vlam het lig afwaarts geprojekteer, terwyl 'n ander reflektor, effens hoër en naby aan die vlam, later hierdie doel vervul het. In die 19de eeu het gas olie vervang. Dit was nodig om gaslig te filtreer deur opaalglas of ligte materiaalsskerms. Lampskerms is toe nie meer net gebruik om lig in 'n bepaalde rigting te stuur nie, maar eerder om dit te versag. Toe die elektriese gloeilamp in 1879 uitgevind is, is lampskerms gebruik om die fel elektriese lig te temper. Bron: *Wikipedia.org*

Klein geweeftde skerm (R59,95) van Boardmans.



Wit satynskerm (R299) van Woolworths.



Wit geborduurde skerm (R120) van Woolworths.



Ivoorkleurige skerm (R140) van Woolworths.

